

Liturg: Ds Johan Willemse

Teks

2 Kronieke 33:1-20

Heidelbergse Kategismus:

Sondag 21, Vraag en Antwoord 56

Tema:

Ons ontvang vergifnis deur God se onpeilbare genade

Datum:

04 Oktober 2026

1. Inleiding

Geliefdes in ons Here,

In Suid-Afrika het ons 'n groot probleem met ons **owerheid en leiers**.

Weekliks is daar nuwe stories oor die gemors wat een of ander politieke figuur aangevang het. Geldgierige ministers wat die mense uitbuit, oneerlike en onetiese regters wat nie die reg handhaaf nie, amptenare wat hulle mag misbruik om die mense te vertrap. Dit is verstommend om te sien hoe daar heeltyd nuwe vorme van korrupsie uitgedink word om die staatskas leeg te steel.

En tog is dit nie 'n probleem wat uniek is aan Suid-Afrika nie. Dit wil voorkom asof die leierskap van die wêreld 'n probleem het. Dit is eintlik skrikwekkend en hartseer as 'n mens daaraan dink

Maar broers en susters, in 2 Kronieke 33 ontmoet ons 'n man wat die leiers van ons tyd sal laat terugdeins. Dit kan ons sê sonder om die onreg van korrupte regerings goed te praat, en sonder om die ellende wat hulle veroorsaak af te maak. Daar is 'n baie groot waarskynlikheid dat selfs ons afgedwaalde owerhede sal skrik wanneer hulle die gruwels van koning Manasse sien.

Voordat u dink dat dit 'n bietjie oordrewe is, kom ons kyk wat sê die Bybel van hom.

2. Liggaam

2.1. Die gruwels van Manasse:

Die Kroniekeskrywer draai nie doekies om wanneer dit kom by konings se sonde nie. Trouens, elke keer wat hy 'n nuwe koning voorstel, gee hy eers 'n opsommende verslag van hulle regering. So lees ons in vers 2 oor Manasse: *“hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here...”*

En hierdie is maar net die begin... Vir byna die helfte van die hoofstuk beskryf die skrywer die koning se sonde **in diepte**.

Hy begin deur Manasse te vergelyk met sy voorganger. Vers 3 sê: *“Manasse het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou.”* Hy het ook altare vir die Baäls opgerig en voor die hemelliggame gebuig en hulle gedien (33:4-5, 7). Hy bou selfs 'n afgodsaltaar in die voorhof van die tempel.

a. Aan die een kant wys dit vir ons hoe **arrogant en hoogmoedig** Manasse was:

Hy keer nie net die goeie, wat sy pa gedoen het, om nie. Hy doen dit ook op só 'n manier dat hy God in sy eie huis aanvat.

b. Aan die ander kant wys dit vir ons dat hy doelbewus die **koninklike verbond verbreek** (1 Kron. 17:11-12):

Nadat Salomo die tempel voltooi het, het die Here aan hom 'n **belofte** gemaak en gesê (2 Kron. 7:16): *“Ek kies en heilig hierdie tempel sodat my Naam altyd daar sal wees, en dit altyd my sorg en my liefde sal geniet.”* Maar hierdie belofte het ook 'n belangrike **voorwaarde** gehad. As hulle die Here se seën en sorg wil hê, moet hulle sy voorskrifte nakom en Hom alleen dien.

En vir die konings wat sy wet breek, was daar 'n **waarskuwing** (2 Kron. 7:19-20): *“as hulle wegdraai en my voorskrifte en my gebooie wat Ek hulle gegee het, verontagsaam en hulle gaan dien ander gode en buig voor hulle, sal Ek hulle wegdryf uit my land wat Ek hulle gegee het, en sal Ek hierdie tempel wat Ek vir my Naam geheilig het, voor My wegvee.”*

Manasse was dus nie net arrogant nie. Hy het ook doelbewus die voorwaardes van die verbond verbreek. Die Here het gesê (33:4): “*My Naam sal altyd in Jerusalem wees.*” Maar Manasse vul die stad met afgodsaltare vir hemelliggame. God het belowe (33:7): “*In hierdie huis... vestig Ek my Naam vir altyd.*” Maar Manasse maak ’n afgodsbeeld en sit dit in die Here se huis...

Manasse was ’n baie bose koning en sy gruwels hou nie daar op nie.

Die skrywer vergelyk hom ook met die Kanaänitiese volke wat in die land gewoon het vóór die Israeliete. Toe die volk nog in die woestyn was, het die Here hulle *herhaaldelik verbied* om betrokke te raak by die volke se **afgodsdiens**, byvoorbeeld:

Die Kanaänitiese volke was bekend vir hulle gruwelike aanbiddingspraktyke. Hulle het hulle seuns en dogters verbrand as offers aan hulle gode. Daarmee saam het hulle dikwels besweerders en towenaars geraadpleeg. Hulle het mense gehad wat voortekens lees, goëlery beoefen en met die dooies praat. Sulke praktyke noem die Here *afskuwelik* en sê dat Israel dit nie mag aanleer nie (Deut. 18: 9-13)!

Maar kyk wat sê die Kroniekeskrywer in **vers 2**: “*Manasse het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg.*” Trouens, hy het **byna presies** gedoen wat die Here verbied het (Deut. 18:10). Vers 6 is ’n baie erge vers, maar dit benadruk sy geweldige boosheid:

Hy het nie net ’n kind nie, maar “*sy eie seuns (meervoud) verbrand as offers.*” Hy het hom ook “*besig gehou met goëlery en waarsêery*” en dan word daar by gevoeg “**EN toordery.**” Dit alles “*terwyl hy meegedoen het aan die oproep en raadpleging van geeste.*”

En net wanneer ’n mens dink dit kan nie nog erger wees nie, dan lees ons in vers 9 dat Manasse **ook die volk** “*die verkeerde pad laat loop het.*” Hulle het selfs “**erger** aangegaan as die nasies wat deur die Here uitgeroei is om vir Israel plek te maak.”

Die Here gee vir sy volk 'n land, wonderlike beloftes én 'n koningskap, maar hulle word heeltemal afvallig. Hy ruk die onkruid uit, en plant sy volk in die perfekte grond, maar dan veroorsaak hulle meer verwoesting as die onkruid. En dit alles begin by die koning.

Die verstommende van alles, is dat Kronieke nie eers die hele prentjie vir ons gee nie. In 2 Konings 21:16 lees ons: “*Behalwe die sonde wat Manasse Juda laat doen het, wat verkeerd was in die oë van die Here, het hy ook nog baie onskuldige mense laat doodmaak. Jerusalem was van hoek tot kant vol bloed.*”

Geliefdes, wat 'n verskriklik hartseer verhaal... Maar genadiglik eindig dit nie hier nie.

2.2. Sonde bly nie ongestraf nie:

In die eerste deel het die skrywer gefokus op Manasse se dade, maar nou tree die Here op. Hy los nie sy volk in hulle sonde nie, maar Hy spreek hulle aan (33:10) en stuur vir hulle profete (2 Kon. 21:10), maar die volk wil nie luister nie.

Dan besluit die Here om hulle te oordeel. Hy het al die onheil gesien en sal dit nie ongestraf laat bly nie. As die volk nie wil luister nie, moet hulle voel. Hulle het immers geweet wat sal gebeur as hulle ontrou is aan die Here. God belowe in die verbond seën vir die gehoorsames, en terselfdertyd vloek en straf vir die ongehoorsames. En hierdie keer het die volk te ver gegaan.

Vers 6 sê Manasse het: “*gruwelik verkeerd gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart*”. En 2 Konings 21 sê dat die volk ook die Here “*uitgetart het*.” Hulle het dit gedoen “*van die dag dat hulle voorvaders uit Egipte getrek het tot vandag toe*.” Oor jare het die sonde opgehoop en nou het dit 'n hoogtepunt bereik.

En duidelik is daar 'n baie dieper probleem. Dit gaan nie net oor die sondige dade van een generasie nie, maar 'n sondige aard van die mensdom. Soos Paulus sê (Rom. 7:18-19):

“Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.”

En nou is hulle tyd verby. Die Here gewaarsku hulle dat daar 'n onafwendbare oordeel op pad is. Die volk sal in ballingskap weggevoer word, dit is maar net 'n kwessie van tyd. Hulle het self die pad van oordeel en vervloeking gekies (2 Kon. 21:10-15).

En uiteindelik het die Here se straf aangebreek. Vanuit die geskiedenisbronne weet ons dat Manasse 'n ooreenkoms met die Assurbanipal, die koning van Assirië, gehad het. In hierdie tyd het die twee koppe gestamp, en die koning van Assirië het sy broer (Šamaš-šuma-ukin, die heerser van Babel) gestuur om Manasse reg te ruk.

En tog sê die Kroniekeskrywer dat God self daarvoor verantwoordelik was (33:11). Hy sê dit was **die Here** wat “*die leëraanvoerders van die koning van Assirië laat kom het.*” Hulle het die arrogante Manasse gevange geneem, hake deur sy neus gesteek, hom geboei met bronskettings en hom na Babel toe gevat. Die trotse en arrogante koning van Juda, word van sy troontjie afgeruk en verneder.

Op 'n manier is dit 'n gepaste vonnis vir die aakligste koning in Israel se geskiedenis. Dit is tog goed wanneer 'n misdadiger 'n regverdige oordeel ontvang.

En tog, geliefdes, is dit **nie** die einde nie...

2.3. Die Here se genade en vergifnis:

Vir die grootste deel van sy lewe het Manasse homself trots en arrogant gedra. Hy het die Here geterg en teengestaan. Hy het die Here se huis met nietige en stink afgode gevul (1 Kon. 15:12 & 2 Kon. 21:21). Hy het die Here se verbond doelbewus verbreek en van die ergste gruwels verrig. En nou het die Here hom platgeslaan.

Maar terwyl hy soos 'n redelose dier na 'n vreemde land gesleep word, vind daar 'n verandering in sy hart plaas.

Miskien het hy in sy benoudheid die seënwense van Psalm 20:1 herroep. Die woorde wat met sy inhuldiging as koning uitgespreek was. *“Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood, mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.”*

Dalk het die lied van die Koragiete by hom opgekom. 'n Lied wat in die tempel gesing was voordat hy dit met sy afgodsaltare gevul het (Ps. 46:2). *“God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.”*

En daar, in 'n oomblik van swaarkry en benoudheid, het Manasse die Here sy God om genade gesmeek. Hy het hom diep verootmoedig voor die aangesig van die Here en tot Hom gebid (33:12-13).

En dan, in twee kort sinnetjies, sê vers 13: *“Die Here was hom genadig... Hy het sy smeekbede verhoor en hom laat terugkom na Jerusalem, na sy koningskap toe. Toe het Manasse geweet dat die Here God is.”*

2.4. Die vergewing van sonde:

Geliefdes in ons Here.

Dit maak nie vir ons sin hoe 'n sondaar soos Manasse, met al sy boosheid en gruwels, ooit weer in 'n herstelde verhouding met die Here kan staan nie. Dit is baie moeilik om te verstaan hoe die Here iemand kan vergewe nadat hulle die dinge gedoen het wat hy gedoen het.

In daardie opsig vergewe ons dikwels ewe moeilik as die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:25-32). Daarom is dit belangrik om te onthou dat ons almal soos die jongste seun, dood en verlore was.

2 Kronieke 33 is nie net die geskiedenis van die bose koning Manasse nie. Dit is die verhaal van die mensdom. 'n Verhaal wat vertel van die gebrokenheid, sonde en onreg waaraan ons almal skuldig is. Almal staan onder dieselfde wet, voor dieselfde Regter, met dieselfde uitspraak, naamlik dat ons skuldige sondaars is.

En juis daarom, geliefdes, is dit so kosbaar dat ons vanmore bely het: *“ons glo aan die vergewing van sondes.”*

Hiermee bely ons dat God elkeen van ons vergewe op 'n gelyke mate. Ons is dalk nie almal so boos soos Manasse nie, maar ons verdien dieselfde regverdige straf vir ons sonde. En tog word ons almal se misdade vergewe op grond van die rykdom van God se genade (Ef. 1:7).

En wat 'n wonderlike genade is dit nie! Antwoord 56 sê dat vergifnis beteken *“dat God nooit meer aan my sondes en my sondige aard wil dink nie.”* En die Bybel verduidelik dit vir ons met die wonderlikste beelde:

- Jesaja 1:18: *“Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.”*
- Psalm 103:12: *“So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.”*
- Jesaja 38:17: *“U het my siel liefgehad en getrek uit die kuil van vernietiging. Want U het al my sondes agter u rug gewerp.”*

- Hoe wonderlik is dit nie?

En let dan ook op na die woordjie “**nooit**.” God hou nie ons sondes voor ons nie. Hy veroordeel ons nie herhaaldelik nie. Daarom het ons die gerusstelling dat ons ook **nooit** “*in die strafgerig van God sal kom nie.*” Met ander woorde, ons gaan nie die oordeel van God oor ons sondes dra nie.

Maar hoe is dit enigsins moontlik? Eksodus 34:6 sê immers: “*Die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Hy betoon sy liefde aan geslagte en geslagte. Hy vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, **maar Hy spreek niemand sonder meer vry nie.***” Hoe kan die Here ’n sondaar soos Manasse, ’n sondaar soos ek vergewe? Hy kan nie net ons sonde onder die mat in vee nie.

Juis daarom bely ons dat God ons vergewe “*op grond van die voldoening van Christus.*” Ons sonde word nie oor die hoof gesien nie, maar Christus het ten volle daarvoor betaal. Hy het die straf wat óns moes dra, op Hom geneem en ons skuld uitgedelg. En dan strek God sy hand van genade nog verder uit, deur ons Christus se geregtigheid **toe te reken!**

Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel, sodat ons sondes vergewe kan word. Die Here genade is werklik onpeilbaar!

3. Slot

Ek sluit af.

Voor Manasse, was daar 'n ander koning wat ernstig teen die Here gesondig het. Hy het sy mag misbruik, mense se lewens vernietig, onskuldige bloed vergiet en uiteindelik alles probeer om dit toe te smeer.

Daarom het die Here hom gekonfronteer, op sy sonde gewys en hom verneder. Hy moes ook die bitter gevolge van sy sonde gedra het.

Maar net soos Manasse, het hy die Here om genade gesmeek, en die Here was hom genadig. Met 'n hart vol dankbaarheid het koning Dawid toe Psalm 31 geskryf en gesê:

“Ek het gedink, ek wil my oortredings teenoor die Here bely, en U het my sondeskuld vergewe. Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Gelukkig is die mens vir wie die Here sondeskuld nie toereken nie.”

(Psalm 32:5,1 & 2)

Amen